



# Die ek in die storie

Oor Martha Solomons, Gravin van Stamford

## WINNIE RUST

### Outeur

Ons was destyds besig met die optekening van die geskiedenis van Wellington voor die jaar 2000, waarna die plaaslike raad sou opgaan in die groter Paarl/Wellington distrik. Ek was verantwoordelik vir die optekening van die verhale van Wellington.

Ek woon vanaf my vyfde lewensjaar op Wellington. Wellington is dus deel van my bestaan, ek wil byna sê van my menswees, van dit wat ek is. Met die opskryf van die verhale, kry ek 'n nuwe perspektief op my dorp, soos hy vroeër gelyk het: die strate, die mense, die geboue. Ek kyk op 'n nuwe manier na die berge. Ek kyk op 'n nuwe manier na my dorp, en die verlede word deel van my daaglikse bestaan. Die verlede word 'n wonderlike verruiming van dit wat jy is; dit begin as't ware in die hede invloei en neem elke dag baie van jou gedagtes in beslag.

So ontmoet ek toe ook vir Martha. Martha was die dogter van 'n slaaf met die bynaam 'Queen' Rebecca, 'n eksentrieke straatkarakter van die laat 19de eeu. Waarskynlik - en hiervoor is daar geen bewyse nie - het sy op Wellington skoolgegaan, aan een van die allereerste skole waar slawe onderrig gekry het in die Bovelei, distrik Wellington. Voor Martha se 33ste jaar het sy verskillende kinders by verskillende mans. Haar van word in die geslagsregisters opgegee as Solomons, seker die laaste van die baie mans



voordat sy vir Harry Grey, die *remittance*-man ontmoet.

Harry Grey, wat uit 'n adellike familie Grey stam, die seun van 'n Anglikaanse predikant, word in 1854 uitgestuur Suid-Afrika toe omdat hy hom nie volgens die reëls van die Britse adel gedra nie. Sy huwelik het op

'n skandalige manier op die rotse geloop, en hy het ook 'n drankprobleem. Destyds was sulke *remittance men* 'n algemene gebruik in Brittanje, en was daar op die delwerse en myne sulke *remittance men*. In Suid-Afrika land Harry eers in Wynberg, en begin daarna swerf tot in Namakwaland. In my roman is dit hier waar hy vir Martha ontmoet; hoewel ook dít nie met sekerheid gesê kan word nie, aangesien daar verskillende weergawes is van hoe Harry vir Martha sou ontmoet het. Hier, in Namakwaland, ontwikkel 'n verhouding.

Martha keer terug na Wellington, daar is later 'n herontmoeting met Harry in Bainstraat, Wellington, maar kort daarna weer verwydering. Harry keer terug na Wynberg, Martha volg hom later. Hulle sluit 'n vriendskap met 'n bekende kerkleier van die dag, doktor Philip Faure en later sy opvolger, dominee Strasheim. Faure oorreed hulle om te trou. (Dis die jaar 1880.) Drie jaar later sterf 'n neef van Harry in Engeland, die sewende Graaf van Stamford. Harry is die volgende in die ry vir die titel. Hy word die agste Graaf van Stamford, en Martha die Gravin. Intussen het Harry hervorm, en word ook weldoener van die armes.

Sewe jaar later, in 1890, sterf Harry vanweë 'n longkondisie.

Martha is nou 'n welgestelde weduwee. Sy skenk, onder andere, grond vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) op Wynberg. Hier word 'n klein skooltjie opgerig waar - volgens haar uitdruklike wens - alle kinders welkom is en skoling kan kry. Uit dié beskeie skooltjie groei die latere Battswood Kollege, waar, onder andere, doktor Richard van der Ross hoof was.

Dit, baie kortliks, is die verhaal van Martha. Nou is die vraag wat ek vir myself afgevra het terwyl ek met die voorbereiding van hierdie aanbieding besig was: Hoeveel van myself is in Martha? Hoeveel is daar in, waarvan ek nie eers bewus was voordat ek doelbewus daarvoor begin nadink het nie?

Ek onthou hoe geroer ek was toe ek die outobiografie van Harry se vader gelees het wat hy op versoek van sy seun George geskryf het. (Daar is een kopie beskikbaar in die Nasionale Biblioteek in die Tuine.) Duidelik 'n uiters sensitiewe mens, 'n vicar wat in die suidwestelike hoek van Engeland, Devon en Cornwall, sy uitgestrekte gemeente besoek het. 'n Man met 'an impediment of speech', 'n hakkelproebeem soos Moses, 'n man wat ure lank langs die ruwe kus geloop het en geoefen het met klein klippies (pebbles) in sy mond, 'n man wat gedurig met God geworstel het, veral in sy donker, swaarmoedige buie, 'n man wat hartstogtelik en vurig vir sy kinders gebid het. En hierdie man het 'n oudste seun soos Harry, die *remittance man*. Is Harry senior se donker buie, sy onsekerhede nie maar net oorgedra in sy seun nie, het dit nie maar net ander uitinge gevind in sy seun nie? Onmiddellik had ek veel meer simpatie met Harry junior.

Kort daarna slaan ek die grondbetekenis van die woord remit na. 'To remit is to pardon, to forgive, to restore to an original condition.' Ek onthou tot vandag toe met watter opwinding ek hierdie uitleg aangehoor het. Dáár het ek die belangrikste metafoer waarmee ek kan speel, wat ek kan uitbou! Harry junior word na die Kolonie 'remit', weggestuur met 'n geldelike toelaag as 'n swakkeling, maar uiteindelik word hy 'restored to an original condition', word hy dié soort mens waarvoor sy pa gebid het, maar wat hy nooit sou sien gebeur nie omdat hy voor die tyd in Engeland oorlede is. Uitgeworpene word uitverkorene. Harry, dronkaard, vind genade, ontwikkel ook, soos Martha, 'n hart vir die arme en die sukkelende.

Dit is dus vryskelding en genade en herstel - deel van my eie Christelike filosofie - wat onderliggend lê in die storie van Martha. Dit speel ook af in die lewe van Martha, kind van 'n slawehoer, vrou met baie kinders by baie mans. Ook in haar lewe is daar wonderbaarlike herstel, en word sy instrument tot nuwe lewe.

'Nou hang daar net een wolk om Groenberg. Laer Sneeuwkop se bles is nog toe. Die Hawekwas steek agter los drywende wolke uit. Sy kyk na die pad wat opsirkel, 'n dowwe streep teen die berg op, die pad waarlangs Harry die Ingelsman gekom het. Sy kyk hoe dit deur die nek verdwyn, die berg oor. Deur die nek, oor die Limiete dan. Martha, slawekind, is ge-remit.' (Slotparagraaf).

Die genade strek verder as die limiete van mense met swakhede. Die metafoor 'limiete' - wat grens beteken - speel ook 'n rol in die boek. Vroeër was Wellington bekend as die Limietvallei. Geen mens kon voor Andrew Geddes Bain in 1853 Bainskloofpas gebou het, deur die Limietberge reis nie. Wellington was die grens, die limiet. Hierdie beeld van begrensing dra ek oor in feitlik elke karakter in die boek: die twee Harry's en Martha het hulle begrensinge; Andrew Murray het fisieke grense in die verwonding in sy heup en rug; so ook Pieter en Miss Abbie met die letsels op die oog.

Dus: genade en vryskelding vir mense met limiete.

Ek het getrou dagboek gehou tydens die skryf van die roman. My vordering, met water probleme ek sukkel, grepe en oefensies, aanhalings van skrywers, veral uit **The East of Eden Letters** van John Steinbeck - sy verhaal van hoe hy **East of Eden** geskryf het. Daaruit het ek in my dagboek aangehaal: 'and so I will tell them perhaps the greatest story af all, the story of good and evil, of strength and weakness. Of love and hate, of beauty and ugliness.'

Hier kan ek byvoeg: 'of damnation, and of restoration.'

Toe ek nou, in voorbereiding van hierdie aanbieding daarin blaai, was dit vir my openbarend hoeveel van myself versteek lê in Martha. Genadiglik het my omgewing waaraan ek oor die 60 jaar verbind is, die klimaat en die voedingsbron daarvoor verskaf. Dus kan ek sê, soos Steinbeck: 'In a sense it is two books, the story of my country, and the story of me.'